# KOMMUNIKAMMA 24 AUGUSTUS

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye verander na Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 24 Augustus**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**10:00-12:00 KATEGESE FAMILIE UITREIK NA MTR SMIT KINDEROORD (GEEN KATEGESE)**
Ons hou 'n gesins uitreik na MTR Smit Kinderoord. Jou gesin is baie welkom by 'n heerlike oggend saam waar ons op hul terrein boereworsrolle gaan maak, piekniek hou en speletjies speel. Meer inligting sal gedurende die week op die kategese groepe gedeel word. Vir enige navrae kontak Riette Van Loggerenberg 083 320 1850.

**18:00 LEEF@KERK**

**Skriflesing:** Jer. 2:1-13
**Tema:** Wees getrou getroud.

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Christelike Maatskaplike Raad**

**Maandag 25 Augustus**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 27 Augustus**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Donderdag 28 Augustus**
Fonteinvriende kuier op **Donderdag 28 Augustus 2025** om 09:30 in ons saal.
Alle afgetrede persone welkom.
Tema: Ons kan ... in ons taal.
Ons vier Afrikaans se 100 jaar as amptelike taal.
Kom bid, lees, luister, sing, dans en eet in AFRIKAANS
Spesiale gas: Fonnie du Plooy
Vir enige vrae, kontak Linda Rossouw by sel: 082 402 4396.

**Vrydag 29 Augustus**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**Sondag 31 Augustus**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK**

**GEBEDSAKE:**

- Bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees, bekering en geestelike groei.
- Buddy van der Merwe beleef groot gesondheid uitdagings.
- Beterskap vir Anna Coetzee, Pop Dickenson en Betsie du Toit wat sukkel met hul gesondheid.
- Die Christelike Maatskaplike Raad.
- 27-30 Aug. – Christ for all Nations se byeenkomste en uitreik in Motherwell.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Vredes-samesprekinge wat plaasvind. Vir Goddelike ingrype.
- Pastor Victor en hul bediening onder moeilike omstandighede in Oekraïene.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam dat nie-gelowiges in **Oman** geleenthede sal kry en die moed sal hê om dissipels van Jesus te word.

**FEBA RADIO**
In Februarie is een van FEBA se aanbieders in ’n vyandige streek in Suidoos-Asië weens sy geloof vermoor. Reg oor die wêreld ervaar vervolgde gelowiges nie net fisiese gevaar nie, maar ook afsondering en eensaamheid. Baie kan nie met medegelowiges vergader of hulle geloof in die openbaar deel nie. Vir diesulkes kan ’n stem op die radio ’n metgesel word. FEBA se sosiale mediakanale bied ’n geleentheid om in veiligheid met medegelowiges te kommunikeer. Bid dat God FEBA se vervolgde personeel en luisteraars in hul geloof en hoop sal versterk.

**VIA BIED AAN: 100 JAAR VAN MUSIEK IN AFRIKAANS.**
**ViA nooi die gemeente** na ‘n “100 jaar van musiek in Afrikaans” feesviering op **Vrydag 12 September 2025**.
Kaartjies is R 200.00 per persoon vir die feestelike aand van musiek en vers, kos en wynproe.
Teken solank die datum aan!
**Indien iemand kan help met ‘n donasie van wildsvleis vir die geleentheid, kontak asb. vir Marisa van Wyk (082 493 6258) of die kerkkantoor.**

**FAMILIE KAMP 2025 - DATUM SKUIF**
Weens verskeie omstandighede het ons besluit om ons familiekamp met 2 weke aan te skuif. Dit sal hierdie jaar nie meer op 3-5 Oktober plaasvind nie, maar eerder op **17-19 Oktober.** Vir meer inligting of om in te skryf kontak gerus Yolandi van der Merwe (084 705 2714)

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**LOUISA MEYBURG KERMIS**
Saterdag 6 September om 08:30 by PE Nooitgedacht Kerk. Kom ondersteun asseblief en geniet allerlei basaar lekkernye.

**FINANSIËLE STATE VIR 2024/2025**
Die geouditeerde state van die 2024/2025 boekjaar is deur die kerkraad goedgekeur en is by die kerkkantoor beskikbaar vir die gemeente se insae. Kontak gerus die kerkkantoor as jy daarna wil kyk.

**KERKRAADSKEDE HERKIES**

Die volgende kerkraadslede is op Woensdag 20 Augustus se kerkraadsvergadering herkies tot die kerkraad:

Gert Harmse
Frans Stapelberg
Arno Vosloo
Rian Viljoen
Jean-Marï Oberhölzer
Gaynor Swanepoel
Ryno Muller
Eugene Pretorius
Dossie Nortje
Brendon Slabbert
Frans Krause
Niekie Oosthuizen

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 24 Augustus | Ann du Toit, Nico Oosthuizen en Jean-Roux van Huyssteen |
| 25 Augustus | Louwrens de Wet en Nico Gouws |
| 26 Augustus | Craig de Beer en Annamarie Thysse |
| 27 Augustus | Johanna le Grange en Marius Terblanche |
| 28 Augustus | Lika Beneke, Johan Coetzee, Lorraine Greyling, Charles Tait en Wihan van der Merwe |
| 29 Augustus | Nicolene de Beer, Ken Reed, Gilvie Stumke, Jurgens van Onselen en Deidre van Ryneveld |
| 30 Augustus | Gielie Botha en Caty Pieterse |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan